

Is ek voorbereid om my geloof te verdedig?

“People who do not know the Lord ask why in the world we waste our lives as missionaries. They forget they too are expending their lives and when the bubble has burst they will have nothing of eternal significance to show for the years they have wasted” (Nate Saint).

Is ek voorbereid om my geloof te verdedig?

Dr William Lane Craig (*A Reasonable Response: Answers to Tough Questions on God, Christianity, and the Bible* (Moody Publishers), is 'n professor in filosofie en bekende Christelike apologet (apologet = verdediger van 'n geloof). Hy glo dat die kerk dringend sy lidmate moet toerus om moeilike geloofsvrae te hanteer. Dit is veral nou nodig in ons kultuur wat dit maklike vir ateïste maak om die Christelike geloof aan te val – soms baie aggressief. Die Nuwe Ateïste beweging, aangemoedig deur die werk van Christopher Hitchens, Richard Dawkins, Sam Harris en Daniel Dennett, het die stigma van ateïs wees, verwyder.

Hy glo ons moet duidelik kan sê hoekom ons glo dat God bestaan en hoekom ons glo dat Hy Homself in Jesus Christus geopenbaar het. As ons dit kan doen, sal ons baie van hierdie ateïste kan terugwen. Die probleem is dat baie Christene bang is, want hierdie ateïste kan baie aggressief wees. Hulle skroom nie om ander persoonlik aan te val in die naam van rede en intellektuele debat nie. Daarvoor is baie Christene nie voorberei nie.

Wat doen ons om ons beter voor te berei? Soek ons antwoorde op die vrae wat ons nie kan beantwoord nie?

Apologetiek: God is 'n kruk

Apologetiek: God is 'n kruk

[Apologetiek = Grieks *Apologia* = verdediging van die Christendom]

Alistair McGrath het 'n belangrike boek – *Mere Apologetics* – geskryf waarin hy op 'n praktiese manier sê hoe gelowiges die Christelike geloof kan verdedig. Ek gaan 'n hele paar blogs hieraan spandeer, want ek voel dit is 'n belangrike taak vir gelowiges in ons sekulêre wêreld

'n Aantygning wat veral die Nuwe Ateïste gebruik, is: God is net 'n kruk om die lewe se “verloorders” te ondersteun en te vertroos nie. Ware mense het nie vals versekering nodig nie – hulle kan met die lewe voortgaan.

Daarom is godsdiens vir diegene wie se emosies onvoldoende is – mense wat nie die werklikheid van die lewe kan hanteer nie en daarom graag hulle eie verbeeldingswêreld skep. Hoe moet ons hierop reageer?

I. Ons moet die geskiedkundige oorsprong van hierdie argument verstaan – waar kom hierdie kritiek vandaan? Sigmund Freud (1856 – 1939). Freud glo dat geloof in God 'n illusie is. Hy glo dat God net in die menslike verstand bestaan; die bestaan van God is wensvervulling wat die gevolg is van ons begeerte vir betekenis en liefde. In werklikheid is hierdie God nie 'n werklikheid nie – hy stem met ons begeertes ooreen. Wat ons moet doen is om ons met die harde werklikheid van die wêreld te versoen.

II. God is dus volgens Richard Dawkins 'n delusie. Die implikasie is dat diegene wat on God glo onvoldoende, gewonde mense is wat hulp nodig het om die werklikhede

van die lewe te hanteer. God is 'n sielkundige ondersteuning.

Daar is geen empiriese bewyse vir hierdie siening nie. Dit kry geloofwaardigheid omdat dit so dikwels herhaal word en met soveel oortuiging gestel word.

Die kruk se boodskap is eenvoudig: sterk mense het nie 'n kruk nodig nie – hulle sorg vir hulleself. Krukke is vir swak mense en dwase. Ons moet twee belangrike punte maak:

- I. Dit gaan hier oor die waarheid en nie die behoefte nie. Die geloof vertel dinge soos hulle werklik is. Deel van hierdie waarheid is dat die mens na die beeld van God gemaak is – daarom het ons 'n ingeboude neiging om ons pad na God terug te kry – of ons nou daarvan hou of nie.
- II. As jy jou been gebreek het, het jy 'n kruk nodig. Die mens is beskadig, gewond deur sonde. Augustinus het gesê die kerk is soos 'n hospitaal – vol gewonde en siek mense in die proses van genesing. Daar is iets verkeerd met die mens se natuur. Die mense se wonde moet verbind word; die swere moet skoongemaak word; hy moet ontslae raak van sy skuldgevoelens. Die beeld van 'n kruk som ons behoefte aan ingryping op. Ons moet besef dat ons hulp nodig het – al is ons te trots en selftevrede om daarvoor te vra.

Hiermee het ons aan die einde van die lang bespreking van apologetiek gekom.

Apologetiek: Toegangsroetes

(6)

Apologetiek: Toegangsroetes (6)

[Apologetiek = Grieks *Apologia* = verdediging van die Christendom]

Alister McGrath het 'n belangrike boek – *Mere Apologetics* – geskryf waarin hy op 'n praktiese manier sê hoe gelowiges die Christelike geloof kan verdedig. Ek gaan 'n hele paar blogs hieraan spandeer, want ek voel dit is 'n belangrike taak vir gelowiges in ons sekulêre wêreld

Paulus gebruik 'n hele reeks kragtige beelde in sy briewe om ons te help verstaan wat Jesus Christus vir ons deur die kruis en opstanding gedoen het. Een van die beelde wat hy gebruik is aanneming.

Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry (Romeine 8:23); Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word (Galasiërs 4:4 – 5). Hierdie beeld is aan die Romeinse familiewet ontleen. Dit werp lig op die voorregte en plek van Christene en hulle verhouding met God.

'n Familie besluit om aan 'n kind wat nie in die familieverband gebore is nie dieselfde wetlike voorregte te gee as kinders wat binne die familieverband gebore is. Hulle het dus dieselfde erfreg as die natuurlike kinders. Christene is dus in die familie van God ingebring en ontvang dieselfde wetlike voorregte as enige natuurlike kind. Maar wie is die natuurlike kind van God? Jesus Christus. Wat Paulus sê, is dat alles wat God aan Jesus Christus as sy Seun gegee het, sal uiteindelik aan ons, sy kinders gegee word. *Hierdie Gees*

getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid (Romeine 8:16 – 17). Heerlikheid kom na lyding en ons moet leer om lyding te sien as 'n voorreg wat ons met blydschap moet dra as gevolg van ons nuwe status as God se erfgename.

Aanneming maak ook 'n appél op ons verbeelding en hart. Dit gaan nie net oor verstaan van die begrip nie. Aanneming gaan ook daaroor dat God my wil hê – ek behoort. Hierdie is emosionele temas wat die bekommernisse van baie mense in ons sukkelende samelewing hanteer. Om aangeneem te word, beteken dat jy uitgenooi word in 'n liefdevolle en versorgende omgewing. Jy word verwelkom en waardeer. Jy word uitgenooi om deel van 'n gemeenskap van geloof en liefde te word.

Daar is 'n diep menslike verlange om iewers te behoort; ons wil aanvaar word. Om iewers jou wortels te kan inplant is 'n baie belangrike behoefte van die mens. *The sense of being lost, displaced and homeless is pervasive in contemporary culture. The yearning to belong somewhere, to have a home, to be in a safe place is a deep and moving pursuit* (Walter Brueggemann).

Aanneming demonstreer nie net die voordele wat die dood en opstanding van Jesus Christus gebring het nie, maar hanteer ook die diep en betekenisvolle verlange van die menslike hart – ek wil iewers behoort.

Ander beelde wat ook gebruik kan word deur die apologete is byvoorbeeld God as herder of Christus as die brood van die lewe.

Die volgende blog is die laaste in die reeks. Dan gaan ons na God as kruk kyk.

Apologetiek: Toegangsroetes (5)

Apologetiek: Toegangsroetes (5)

[Apologetiek = Grieks *Apologia* = verdediging van die Christendom]

Alistair McGrath het 'n belangrike boek – *Mere Apologetics* – geskryf waarin hy op 'n praktiese manier sê hoe gelowiges die Christelike geloof kan verdedig. Ek gaan 'n hele paar blogs hieraan spandeer, want ek voel dit is 'n belangrike taak vir gelowiges in ons sekulêre wêreld

Vir postmoderne skrywers is beelde en nie woorde nie dié vorm van kommunikasie. Kyk maar na die advertensiewese. Meeste Christene gebruik woorde om te kommunikeer. Ons moet onthou dat beelde in hierdie moderne geslag spesiale gesag en mag het – meer as woorde.

Die menslike verstand werk deur beelde te genereer – beelde wat ons in staat stel om die wêreld om ons te “verstaan” en sin te maak daarvan. Dit help ons om die terrein van die werklikheid te karteer en ons plek hierin te identifiseer. Intellektuele sienings van die Christelike wêreldsiening kan maklik in beelde uitgedruk word wat die vermoë het om ons verbeelding aan te gryp. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde.

Plato (*Republic*) vra ons om ons in te dink in 'n donker grot waarin mense sedert hulle geboorte geleef het – hulle ken geen ander wêreld nie. Aan die een kant van die grot brand 'n groot vuur wat beide lig en warmte voorsien. Soos die vlamme helder brand gooi dit skaduwees op die rotswande. Die mense hou

hierdie skaduwees dop en wonder wat dit kan beteken. Vir diegene wat in die grot woon is hierdie flikkerende skaduwees al wat hulle ken. Hulle begrip van die werklikheid is beperk tot dit wat hulle sien en ondervind in hulle donker tronk. As daar 'n wêreld buite die grot is, is hulle onbewus daarvan – hulle kan hulle dit nie verbeel nie. Hulle horisonne is beperk en word deur die skaduwees bepaal. Net as hulle 'n ander wêreld leer ken, sal hulle besef dat die grot in werklikheid 'n tronk is.

Kan ons hierdie verhaal gebruik om die evangelie in vandag se wêreld te kommunikeer? Onthou jou enigste werklikheid is die grot. Vraag: Hoe sal die mense in die grot besef dat daar 'n ander, beter wêreld buite die skemer grot is?

- Iemand van die werklike wêreld buite kom in die grot in en vertel die grotbewonders van hierdie wêreld. Hierdie kom ooreen met 'n Goddelike openbaring. Iemand kom van buite en vertel hulle van hierdie ander wêreld gebaseer op analogieë van die grot. Hulle mag selfs vir ons 'n pad na buite wys. Dit herinner aan Jesus Christus se menswording – Hy kom die menslike wêreld in om vir ons te wys hoe dinge werklik is en ons in staat stel om uit die wêreld se bande uit te breek. Ons kry hierdie tema veral in die Johannes-evangelie: *Die Woord van God het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien (1:14); Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het (6:51).*
- Die strukture van die grot self bevat leidrade van 'n wêreld daar buite. Hierdie kom ooreen met argumente vir die bestaan van God gebou op leidrade in die struktuur van die wêreld. Daar mag tekens van die oorsprong van die grot of bewyse van ontwerpe of tekens van kompleksiteit wat fundamentele vrae na vore bring oor hoe dit daar gekom het.
- Die grotbewoners het 'n intuïsie dat daar 'n beter wêreld as hulle grot is. Hierdie kom ooreen met

argumente vir die bestaan van God gebou op menslike gevoelens. Dit mag 'n oortuiging wees dat daar meer aan die wêreld is as net 'n grot of 'n intuïsie dat hulle vir 'n ander plek bestem was. Dit mag 'n begeerte wees na iets wat nooit bevredig word nie.

Volgende keer kyk ons na Paulus se gebruik van beelde.